SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 15 AUGUSTUS 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL HF DIGITALE KOMPETISIE VANMIDDAG

6 METER HERHALER SKAKEL IN DIE WES-KAAP NOU PERMANENTE AAN

en

DIE INTERNASIONALE VUURTORING EN LIGSKIP NAWEEK VOLGENDE NAWEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Ons begin hierdiebulletin met nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Pierre Lindeque, ZS4PF van Riebeeckstad stil geword het op Vrydag 13 Augustus 2021. Pierre was aktief op die BHF en hoër bande sowel as op HF, 'n radio amateur wat die stokperdjie baie geniet het.

Ons betuig ons innige meegevoel aan sy vrou Santie, familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL HF DIGITALE KOMPETISIE VANMIDDAG

Die doel van die HF Digitale Kompetisie is dat deelnemers soveel moontlik radio amateurs in Suider-Afrika op 20, 40 en 80 meter kontak en is van 14:00 tot 17:00 UTC (16:00 tot 19:00 SAT) vanmiddag Sondag 15 Augustus op die lug. Die uitruiling is 'n RSQ -verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer vanaf 001. Om verwarring te voorkom, gebruik asseblief RTD en PSK31 vir die kompetisie. Elke stasie kan een keer per modus per band gewerk word en elke QSO tel 1,5 punte. Moenie 'WhatsApp 'n QSO' nie, roep CQ of beantwoord 'n CQ roep. Kry al die reëls op bladsy 86 van die 2021 Blouboek.

BEANTWOORD JOU ELEKTRONIESE QSLS

Byna almal werk aan 'n Werk Alle ZS-sertifikaat en die vereiste QSOs is maklik om te maak. Nadat die QSOs na die SARL Elektronies QSL-stelsel opgelaai is, begin die wag spel - wanneer sal die ander stasie die QSOs bevestig deur sy of haar log op te laai? As jy aktief op die bande is, moet jy gereeld jou elektroniese QSL versoeke nagaan en die uitstaande versoeke bevestig.

BOUVET EILAND DXPEDISIES IS IN BEPLANNINGSFASE VIR 2021, 2022 EN 2023

Parallelle beplanning is deur drie groepe aan die gang vir DXpedisies na Bouvet Eiland in 2021, 2022 en 2023. Die afgeleë vulkaniese, ysige sub-Antarktiese eiland in die Suid-Atlantiese Oseaan is volgens Club Log die tweede mees gesogte DXCC-entiteit. In Junie het die Intrepid-DX Groep sy 3Y0J DXpedisie wat vir 2023 beplan is gekanselleer nadat die RV Braveheart te koop aangebied is. Nie lank daarna herleef die Intrepid-DX Groep sy planne en soek hy 'n geskikte vaartuig.

Op 8 Augustus het 'n DXpedisie wat die 3Y0J-roepsein gebruik, die ondertekening van 'n kontrak met die ekspedisie vaartuig Marama aangekondig, 'n seiljag van 30 m met "'n bewese rekord en ervare pool bemanning." Medeleiers vir die poging van November 2022 is Ken, LA7GIA; Rune, LA7THA en Erwann, LB1QI. Ken wat die 3Y0J-lisensie het, het geskei van die Intrepid-DX Groep poging.

In 'n kort aankondiging op 3 Augustus, het Paul Ewing, N6PSE gesê dat 'n Bouvet DXpedisie span onder 'hersiene leierskap' "'n geskikte/bekostigbare vaartuig gevind het wat bereid is om ons na Bouvet te neem" en onderhandel oor die voorwaardes van die huurooreenkoms. Paul se medeleiers sal David, WD5COV en Kevin, K6TD wees. Die Intrepid-DX Groep moet nou 'n nuwe lisensie en landings toestemming van die Noorweegse Polêre Institute verkry.

Intussen sê die Poolse radio amateur Dom Grzyb, 3Z9DX, dat beplanning voortgaan vir 'n tweede ekspedisie aan die einde van 2021 na Bouvet-eiland, met die roepsein 3Y0I. "Soos jy waarskynlik weet, het ons eerste poging om die eiland Bouvet in Maart 2019 te bereik misluk," sê Dom op die webwerf van DXpedisie. 'Ons was so naby, net 63 seemyl van die oewer van Bouvet-eiland af.'

6 METER HERHALER SKAKEL IN DIE WES-KAAP NOU PERMANENTE AAN

Die Wes-Kaap Herhaler Werkgroep het 'n 6 meter-skakel na die 145,650 MHz herhaler by Du Toits Kloof Berg bo die Paarl geïnstalleer. Die perseel is 1 310 meter bo seespieël. Die skakel is nou permanent op 51,550 FM simpleks. Elke 5 minute stuur die skakel 'n Morse-kode baken boodskap uit van '6 5 0' in GG. As die baken gehoor word, kan jy op 51.550 FM roep. As dit ontvang word, gaan die sein uit op die 145,650 MHz herhaler sowel as ander gekoppelde herhalers in die Wes-Kaap.

Die 6 m antenna is 'n vertikaal gepolariseerde gevoude dipool, die radio is 'n Alinco DR06T met 'n 10-watt uitset. Wes-Kaapse herhaler gebruikers moet asseblief QSOs via die skakel op 6 m monitor!

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE MEI RAE

Noel Hammond, ZR6DX, die RAE-bestuurder, het aan SARL Nuus gesê dat al die lisensies vir die RAE-kandidate wat in Mei 2021 geskryf en geslaag het, uitgereik en per e-pos gestuur is. Kyk dus na jou in kassie.

DIE INTERNASIONALE VUURTORING EN LIGSKIP NAWEEK VOLGENDE NAWEEK

Die 24ste Internasionale Vuurtoring en Ligskip Naweek is van 00:01 UTC op Saterdag 21 Augustus tot 24:00 UTC op Sondag 22 Augustus 2021 op die lug. Tot op hede het 291 vuurtorings regoor die wêreld vir hierdie geleentheid geregistreer. Daar is tien Suid-Afrikaanse vuurtorings wat vir die naweek geregistreer is. Hulle is Roman Rock, ZS0RR; Kaap Hangklip, ZS1CRG; Groenpunt in Kaapstad, ZS1CT; Danger Point, ZS1OAR; Doringbaai, ZS1RC; Kaap St Blaize, ZS1SKR; Seal Point by Kaap St Francis, ZR2BK; Kaap Recife, ZS2PE; Cooper, ZS5D en Groenpunt, Clansthal, ZS6WR/5. Sterkte aan al die aktiveerders!

Om aansoek te doen vir die 2021 Suid-Afrikaanse Vuurtoring Sertifikaat, gebruik die logstaat op die Kompetisie bladsy van die Liga webwerf. Stuur jou logstaat na zs4bfn@mweb.co.za met die sluitingsdatum van Dinsdag 31 Augustus 2021. ADIF en Cabrillo lêers is nie welkom nie.

KOMPETISIE NUUS

Die vierde SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop is op Saterdag 28 Augustus van 12:00 tot 13:00 UTC (14:00 tot 15:00 SAT) op die lug. Die SARL HF GG Kompetisie word van 14:00 tot 17:00 UTC (16:00 tot 19:00 SAT) op Sondag 29 Augustus aangebied.

Die voorlopige uitslae van die SARL HF Foon Kompetisie. Nege-en-twintig logstate is ontvang vir die SARL HF Foon kompetisie wat op Sondag 1 Augustus 2021 gehou is. Agt logstate is ontvang van enkel operateur enkel band stasies, twintig logstate van enkele operateur alle bande stasies en een logstaat van 'n multi-operateurstasie. 1 288 QSOs is gedurende die drie uur gemaak.

Daar is opgemerk dat 'WhatsApp 'n QSO' aktief was in 'n logstaat of twee. Werk net die stasies wat CQ roep en moet nie ander metodes gebruik om stasies op die lug te kry nie! Die DX Gedragskode lui, "Ek sal my mede Amateurs respekteer en myself handhaaf om sodoende hulle respek te verdien."

Multi-operateur stasie

Die Kaapse Radio Groep, ZS1CRG - 95 punte

Enkel operateur Alle band stasies

1ste Jan Botha, ZS4JAN - 179 punte

2de Gerhard Coetzee, ZS3TG - 120 punte

3de Woody Collett, ZS3WL - 113 punte

Enkele operateur enkel band stasies

1ste Dave Higgs, ZS2DH - 78 punte

2de Kobus Boshoff, ZS6BOS - 70 punte

3de Karen Andrew, ZS6MMA - 43 punte

Klub kompetisie

1ste die Noord-Kaap RK - 411 punte

2de die Wesrand ARK - 253 punte

3de PEARS - 214 punte

KLUB NUUS

Die Algemene Jaarvergadering van die Johannesburg Amateurradioklub word gehou vanaf 09:30 SAT op Saterdag 18 September 2021. Rig asseblief enige navrae aan die voorsitter, Kobie van Zyl, ZS6KVZ of die sekretaris, David Le Grange, ZR6DLG.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 'n aantal klein sonvlekkies met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Daar word nie enige sonfakkelaktiwiteit voorspel nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan laatmiddag DX openinge op die 17 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag - die SARL HF Digitale kompetisie

21 en 22 Augustus - die Internasionale Vuurtoring en Ligskip naweek

28 Augustus - die SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop, die Kaapstad ARS virtuele byeenkoms en die Pretoria ARK Snuffelmark.

28 en 29 Augustus - die 41ste Australiese Dames Amateurradiovereniging kompetisie

29 Augustus - die SARL HF GG kompetisie

31 Augustus - die Secunda ARK vergadering

4 September - die Wesrand snuffelmark en die Durban ARK vergadering

4 en 5 September - die IARU Streek 1 HF Velddag en die Namibiese Velddag

6 en 8 September - Rosh Hashanah

8 September - die Vroeë Oggend Koffie Naelloop

11 en 12 September - die SARL Nasionale Velddag en die WAE ESB kompetisie

13 September - die Wesrand ARK vergadering

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die doel van die HF Digitale Kompetisie is dat deelnemers soveel moontlik radio amateurs in Suider-Afrika op 20, 40 en 80 meter kontak en is van 14:00 tot 17:00 UTC (16:00 tot 19:00 SAT) vanmiddag Sondag 15 Augustus op die lug. Kry al die reëls op bladsy 86 van die 2021 Blouboek.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.